Hebreërs, Hoofstuk Een

En om te gee 'n—'n bietjie. . . Ek dink daar is niks beter, vir my, as net die Woord nie. "Geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord van God."

2 Op Woensdae, en miskien op Sondae, een van die dienste van Sondag, gee die pastoor sommer 'n bietjie rus, wat hy deeglik verdien, en het gedink miskien neem ons sommer 'n Boek in die Bybel. Ons het dit altyd gedoen, en somtyds 'n jaar daarop gebly.

3 Ek onthou ons het eenkeer 'n volle jaar by die Boek Openbaring gebly. Maar, o, goeiste, die dinge wat ons geleer het, en hoe wonderlik was dit nie! Toe het ons teruggegaan en die Boek Daniël geneem, of die Boek Génesis, of Eksodus, en dit sommer, hoofstuk vir hoofstuk, geneem, en dit het net die hele Bybel aanmekaar geskakel. O, ek hou sommer daarvan!

4 Bietjie later, sal ons moet kry die. . . As die Here aanhou seën en ons voortgaan, sal ons by sommige werklik diep dinge hierin kom, werklik diep. En ons sal maar van plek tot plek, deur die Skrif, daarmee gaan.

5 En ek hou daarvan om Skrif met Skrif te laat vergelyk. Dis hoe dit moet wees. Dis slegs een groot pragtige prent. En in hierdie Boek wat ons bestudeer, gaan ons uitkom by, o, verlossing, en Goddelike genesing, en wonderwerke, en genades. En, o, alles kom hierin.

6 En dalk wanneer ek by 'n punt kom waar ek by die dienste moet kom. . . Ek weet nooit presies wanneer ek by 'n diens gaan wees, na 'n diens geroep gaan wees nie, omdat ek nie enigiets vasstel voordat ek net gelei voel om 'n sekere ding te doen nie. En dit mag wees voor in die oggend, mag ek na Kalifornië vlieg, daar na Maine of êrens, net waar Hy my sou roep. Dis waarom ek nie groot, lang reisskedules vasstel nie, omdat ek dit nie kan doen nie. My bediening is nie so bedoel nie, en dis maar net anders.

7 En nou het ek huis toe gekom om bietjie te rus. Ek het twintig pond verloor, met hierdie laaste diens. En Broer Mercier en Broer Goad was daar, 'n ruk gelede, en het gesê: "Broer Branham, ek let op wat jy doen. Jy sit jou hele hart daarin."

8 Ek het gesê: "Dis al manier waarop jy die regte soort werk vir die Here kan doen, is plaas alles wat jy het reg op die voorgrond vir Christus; al jou krag, jou hele siel, jou hele hart, jou hele verstand, alles wat jy het." Wanneer jy enigiets doen,

doen dit reg, of doen dit glad nie, sien, los dit net uit. Gaan jy 'n Christen wees, sit alles wat jy het vir Christus in, dis jou tyd, jou talent, jou alles.

9 Ek let net hierdie jongkêrel op. Dis jou vrou, Broer Burns, is dit, wat daar speel en sing, daardie jong paar. En—en dit is nie 'n klavier nie, dis ook nie 'n orrel nie, maar dis een of ander soort instrument, hulle laat dit tokkel en speel dit, en doen iets vir die Here. As jy dit kan doen, en sing, dis, siele wen. Doen iets, maak nie saak nie. As jy—jy kan fluit, wel, fluit. Doen net iets. Getuig net of doen iets vir die Koninkryk van God. Wat jy ook al het, benut dit in God se diens.

10 Nou, ons gaan nie probeer om baie lank te bly nie, omdat ek weet julle werk. Julle moet vroeg opstaan. En ek gaan elke oggend eekhorings jag. Ek sal julle maar die waarheid vertel. Dis wat ek doen. Dis waarvoor ek huis toe gekom het, is om 'n bietjie te rus. En so staan ek op, omtrent vieruur, en gaan uit in die bosse en, wel, jag 'n bietjie en gaan slaap. En ek kry bietjie van daardie gewig terug, so ek sal uitgerus wees, na 'n ruk, as julle . . . die Here wil. En alles is wel.

11 Goed, ons gaan nou in julle Bybels blaai. Ek wil hê julle moet julle Bybel elke aand bring, dat julle . . . soos julle kan. As iemand 'n paar kortkom, sou iemand saam met die lees wou volg, ons het 'n paar hier, ons kan nie . . . party van die plekaanwysers hulle laat uitgee. Wil enigiemand een hê? Wel, steek net jou hand op.

12 Wonder of Broer . . . Doc, kom hierheen en vat hierdie Bybels. Jy staan daar naby, en Broer Burns. Is dit reg, Burns? Ek het hom hoor se . . . [Die broer se: "Conrad."—Red.] Wat? ["Conrad."] Conrad. Ek het hom genoem . . . Ek raak soort van hardhorend, miskien, Broer Neville. Hoe het ek ooit op die naam Burns gekom? Ek ken die man se gesig, en ek kan net nie, kan nie sy naam noem nie.

13 En weet julle, soos jy 'n bietjie ouer word, ek vind een ding uit, dis swaarder vir my om hierdie Bybel te lees. En ek haat dit net om te dink om bril te moet dra, om die Bybel te lees.

14 Maar, hier nie lank gelede nie, het ek gedink ek word blind. En, ek is soontoe om Sam te sien. En Sam het gesê: "Bill, ek weet nie." Gesê: "Ek sal maar vir jou 'n afspraak maak met een of ander spesialis."

15 Ek is Louisville toe. Dit moes die wil van die Here gewees het. Een of ander spesialis; ek vergeet nou sy naam. Maar hy het my boek gelees. En hy het gesê: "As jy ooit na Afrika toe teruggaan, wil ek met jou saamgaan." Hy het gesê: "En as jy . . . Daardie Afrika-mense is lief vir jou." En het gesê: "Hulle is baie bygelowig, veral met 'n mes, om te gaan sny. So," het gse: "ek wil ses maande van my lewe gee, vir operasies op katarakte en dinge, vir die . . . in sending." En het gesê: "As ons

saam kon gaan, en jy kon guns wen by hulle, op hierdie wyse. Het gesê: "Dan as hulle katarakte het of werk aan oë," gesê: "ek sou sommer graag dit gee, gratis, ses maande daarvan." En ek vergeet hoe lank jy moet wag vir 'n afspraak met hom.

16 En ons het in 'n kamertjie gesit en daar het 'n—'n klein rooi liggie aangekom, daaragter in die donker kamer. Wel, ek kon daardie letters lees. Daar het gestaan twintig-twintig. Ek kon dit alkante lees. En hy het dit op vyftien-vyftien gesit, en ek kon dit lees. En het dit op tien-tien gesit, en ek kon dit lees. Hy het gesê: "Wel, daar's nie veel met jou oë verkeerd nie."

17 Toe het hy 'n klein teleskoop gehad. Hy het 'n toestelletjie daaragter gesit, 'n dingetjie, julle weet. Daardie ou teleskope, hoeveel onthou hulle? Ons het altyd deur hulle gekyk, gekyk na prente, net soos dit. En hy het gesê: "Kan jy dit lees?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Lees dit vir my."

18 Daar was 'n, o, 'n hele paragraaf, omtrent *so*. Ek het begin, dit gelees; hy het dit begin nadertrek, *so*, al stadiger en stadiger. Hy het omtrent *so* gekom, ek het opgehou. Hy het gesê: "Ek kan jou een ding sê, jy's verby veertig."

Ek het gesê: "Jip, dis reg, ver daar verby."

19 Hy het gesê: "Hoe het jy dit reggekry?" Hy het gesê: "Die menslike oog, natuurlikerwys, wanneer jy veertig jaar oud raak, soos wat jou hare grys word, ensovoorts, word die oogappel plat." Het gesê: "Nou, as jy lank genoeg lewe, sal dit weer terugkom." Hy het gesê: "Daardie tweede sig, noem hulle dit. Maar," het gesê: "'n mens, omtrent veertig jaar oud, hulle sal werklik . . ." Het gesê: "Daar is niks verkeerd met hulle oë nie."

20 Ek kan—ek kan daardie haar sien as dit op die vloer sou lê, dit van my af raak. Maar kom naby my . . . En hy het gesê: "Nou, jy lees jou Bybel," gesê: "jy stoot dit van jou af weg." Gesê: "Na 'n ruk, gaan jou arm nie lank genoeg wees nie, totdat jy dit nie kan—nie ver genoeg daar kan kry om dit beet te kry nie."

21 En toe het hy vir my 'n bril gemaak, en die onderste deel kan jy, dis vir lees. Hy het gesê: "Nou, op jou kansel . . ." Hy het gedink ek is een van daardie waardige predikers, julle weet. En het toe gesê dat die . . . jy . . . Die boonste deel is net gewone ruitglas, net gewone glas. En die onderste deel is soort van ingeslyp, dat ek die naby kan lees, julle weet, *so*. Maar ek haat dit om dit op te sit; regtig.

22 En nou, in Bybelonderrig, en ek het vanaand die Nuwe Testament. So dis . . . Ek het 'n "Collins New Testament." Dit het redelike groot druk. Maar nou, wanneer ek weer by die ander een kom, ek—ek moet dalk na die ou vriende toe gaan,

en—en soort van deur hulle lees. Maar hoe ook al, ek—ek's bly dat ek iets het wat ek—ek nog kan lees. En—en—en wat ek ook al het, ek gaan almal alles gee wat ek kan, tot die heerlikheid van God, hoop dat Hy daardie ouderdomsteken sal wegneem. Ek kan Hom nie vra om my ouderdom weg te neem nie. Ek. . . Weet julle, dis maar een ding wat ons almal moet doen. Ons moet daardeur gaan. En ek weet ek is nie meer 'n seuntjie soos ek altyd was, wat hier op die platform staan nie. Ek is agt-en-veertig jaar oud. En dink net, nog twee jaar, sal vyftig jaar oud wees, Broer Mike.

23 Aarde, kan dit skaars glo! Ek het sommer. . . Ek het nooit geweet dat ek twintig verby is nie, tot omtrent twee jaar gelede. Dis reg. Dis reg. Ek het net. . . Ek kon dit nie glo nie. En tog ek-ek. . . Dis vir my swaar om te glo tot ek in die spieël gekyk het, en toe ek—ek geweet het dit is, toe. Maar—maar om net te kyk, ek voel sommer net so goed as wat ek ooit in my lewe gevoel het, en ek is ook dankbaar, daarvoor. Alle lof kom God toe.

24 Nou, ons bestudeer die Boek van die Hebreërs. Dit was. . . O, dis een van die allerdiepste, rykste Boeke van die Bybel. Ek sê julle, dis 'n Boek wat werklik sal. . . As God toelaat, en ons net hierin verdiep raak, glo ek sal ons goudklonte vind totdat ons die lof van God aanmekaar sal uitroep. En nou ek. . .

25 Die Boek Hebreërs, wat Dit eintlik is, Dis veronderstel om geskryf te wees deur Paulus, die grootste Bybelverklaarder, skat ek, wat die wêreld ooit gehad het, buiten ons Here Jesus Christus. En Paulus het geskei die. . . Nou, Paulus was 'n ware Bybelonderrigter; dit is, die Ou Testament. Dis die enigste Boek wat toe geskryf was, Bybel genoem is. En hy het vir die Hebreërs probeer aantoon, die Ou Testament geskei en getoon die Ou Testament is 'n skadu of 'n tipe van die Nuwe.

26 Net daar sou ons 'n riglyn kon tref en drie maande daar op daardie een gedagte bly, net daar. Om reg terug te gaan, as ons nou in ons Bybels kan blaai, natuurlik is ons by Hebreërs, die eerste hoofstuk. Maar as ons blaai na Openbaring, die 12de hoofstuk, sal julle dit weer perfek sien, hoe die skadu's. As. . . julle wat julle potlode het en die Skrifte gaan neerskryf. In Hebr-. . .

27 In Openbaring 11, vind ons uit dat Johannes, op die eiland Patmos, 'n vrou in die hemele gesien staan het, en sy het die son by haar kop en die maan onder haar voete gehad. En die vrou was in barensnood, met 'n kind wat gebore moes word. Sy het 'n manlike kind voortgebring. Die rooi draak het gestaan, om die kind te verslind sodra hy gebore word. En die—die kind is weggeraap in die Hemel in, en die vrou het in die wildernis ingevlug waar sy gevoed is vir 'n tyd, tyd, en 'n halwe tyd, of 'n verdeling van tyd.

28 Nou, die vrou het die kerk voorgestel, en die Kind wat sy voortgebring het, was Christus. Die maan onder haar voete was die wet, die son by haar kop was genade. Twaalf sterre in haar kroon was die twaalf apostels. En dis daar waar, waarby . . . Die twaalf apostels was die verheerliking of die kroning van die Nuwe Testament. Sien? "Want geen ander fondament kan gelê word as dit wat alreeds gelê is nie." Sien? Dit, die Fondament, die—die Nuwe Testament, die apostels, die Leer van die apostels, ensovoorts, is die stigtingskroon van die Nuwe Testament. En dan by die . . .

29 Die maan is 'n skaduwee van die son. Die son reflekteer net sy lig wanneer dit agter die aarde is. En die maan gee lig, om by te loop, in die nag. En watter pragtige prentjie het ons hier, nog 'n pragtige prentjie: die son stel Christus voor; die—die maan stel die Kerk voor. Hulle is net soos man en vrou. En in die afwesigheid van Christus, reflekteer die Kerk die mindere Lig, die Evangelie. En dit—dis die Lig om in te loop totdat die Seun weer opkom, dan smelt die Kerk en die Seun, die maan en die son, saam. Sien? Die maan is 'n deel van die son, en die Kerk is 'n deel van Christus. En in die afwesigheid van Christus, reflekteer die Kerk Sy Lig. En dan so seker as wat ons die maan kan sien skyn, weet dit die son skyn êrens. En solank die Kerk die Lig van Christus reflekteer, is Christus êrens lewend. Amen. Dink daaraan.

30 Nou, die wet was 'n tipe van genade, maar wet het geen reddingskrag daarin nie. Wet was slegs 'n . . . Die wet was 'n polisieman. Die polisieman sit jou in die tronk, maar, jy sien, dit het genade geverg om jou uit die tronk te kry. Sien?

31 So die Bloed van Christus, die Evangelie, verlos ons van sonde. Wet maak ons slegs sondaars. Die wet het net gesê: "Jy is 'n sondaar. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie valse getuienis gee nie." Sien? Dis 'n polisieman wat sê jy's verkeerd en jy's skuldig. Maar die Evangelie is die goeie nuus. Christus het gesterf om ons te red van al ons oortredinge, optrede teen die wet. Christus het gesterf om ons uit te kry.

32 Nou, Paulus, sodra hy bekeer is, het hy nooit weer met enige kweekskool geraadpleeg nie, ook het hy nie enige predikante geraadpleeg nie. Maar het julle opgelet? Hy het daar in Arabië ingegaan, en was drie jaar daar, in Arabië. Nou, dit is, na my mening, dat . . .

33 Nou, ons moet 'n agtergrond hiervan kry, sodat ons sal weet hoe aanmerklik dit is. En die eerste les, vanaand, neem ons ons agtergrond.

34 Nou, Paulus was so 'n Bybelonderrigter, omdat hy geleer is onder daardie groot, vir altyd beroemde Gamaliël. En hy was een van die bekendste van die dag, daardie groot leermeester van die wet en die profete. So, Paulus was goed onderrig in daardie dinge.

35 En dan hou ek van hom op hierdie manier, hierdie groot openbaring, synde eerlik in sy hart, 'n moordenaar, het ingestem tot Stéfanus se dood en het Stéfanus sien sterf onder die klippe en kluite van dood gestenig te word. Ek dink dit moes Paulus geraak het toe hy Stéfanus sy hande na die Hemel sien opsteek het, en sê: "Ek sien die Hemele geopen. Ek sien Jesus staan aan die regterhand van God." En hy het gesê: "Vader, reken hulle hierdie sonde nie toe nie." En hy het aan die slaap geval.

36 Het julle dit opgelet? Hy het nooit gesterf nie. Hy het aan die slaap geval. Net soos . . . Ek glo nie hy het ooit nog 'n klip gevoel nie. Net soos 'n baba teen die boesem van sy moeder, aan die slaap raak, het Stéfanus aan die slaap geraak in die arms van God.

37 Daar is iets, aan Paulus, wat dit hom laat aanraak het. Toe het hy, enige man onder oortuiging, wat Dit probeer beveg, loop hy daar na die hoëpriester en kry 'n paar briewe. Het gesê: "Ek sal al daardie mense gevange neem wat al daardie geraas maak, en daardie ketters," wat beskou is, wat ons vandag sou noem een of ander "radikale fanatikus," of so-iets, maak 'n klomp geraas en veroorsaak opskudding. "Ons sal maar net gaan en dit afhandel."

38 En op sy pad daarheen, 'n klein ou . . . nie 'n groot hoofweg soos ons op reis nie. En daardie paaie in Palestina, net paadjies, soos 'n beespad deur die bosse waar die beeste en die skape, en die perde, en die donkies, en die kamele, oor die heuwels gegaan het.

39 En Paulus, op sy pad daar na Damaskus, omtrent middag, eendag, het 'n groot Lig neergeskyn en hom neergeslaan teen die grond. Niemand het Dit gesien, behalwe Paulus nie. Ek wil hê julle moet dit oplet. En net hier, dit is nou nie persoonlik nie, maar net soos wat ons in hierdie agtergrond inlei. Dat julle sal weet dat daardie selfde Jesus . . .

40 Nou, toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek het van God gekom, en Ek gaan terug na God."

41 Nou, toe Hy die kinders van Israel gelei het, was Hy die Vuurkolom. En Hy het vlees geword, toe het Hy teruggekeer na daardie selfde Vuurkolom. En toe Hy Paulus ontmoet het op die pad na Damaskus, was Hy daardie Vuurkolom, daardie Lig, sien, 'n groot Lig. En Paulus het gesê: "Wie is Dit wat ek vervolg?"

42 Hy het gesê: "Ek is Jesus, wat jy vervolg," die Lig. O, is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

43 En hier is Hy, vanaand, reg hier by ons. Sy foto is geneem net daar, dieselfde Ding, sien, Vuurkolom, Lig, net dieselfde as wat Hy was: "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

44 Nou die manne wat by hom was, het nie daardie Lig gesien nie, maar Dit was nogtans daar. Die gevolge gee dieselfde.

45 Nou, is dit moontlik dat—dat iemand Christus kan sien in hierdie gebou en niemand anders sien Hom nie? Sekerlik. Dit het daar gebeur.

46 Dit het ook een nag gebeur toe Petrus in die tronk was. En daardie Lig het in die tronk ingekom, en Petrus aangeraak, en reg by die binne-wag, die buite-wag verbygeloop, deur die ingang geloop, die hoofingang, en die stadspoort. Petrus het gesê: "Ek moes gedroom het." Maar hy het rondgekyk, maar die Lig was weg; Christus, daardie Ewige, ewigdurende Lig. *Daar* is Hy. Nou, op die pad na . . .

47 En kyk, nog 'n ding, as ons hieroor sal praat, sommer in my gedagte opgekom. Maar die wyse manne wat die Ster gevolg het, al die pad van Indië af, die Ooste, maande, gekom deur die valleie en woestyne, het oor sterrewagte gegaan. En hulle het die tyd van die nag geken volgens die sterre. En geen historikus of enigeen het ooit genoem daardie Ster te gesien het, buiten die wyse manne nie. Dit was net vir hulle bedoel om Dit te sien.

48 So jy kan dinge sien wat die ander kêrel dalk nie sien nie. Vir jou, is Dit 'n realiteit. Vir hom, hulle verstaan nie. Net soos 'n bekering; jy kan bekeer word en die seëninge van God geniet, sommer—sommer die seëninge van God indrink. En die volgende kêrel, wat by jou sit: "Ek sien nie 'n ding nie." Sien? Sien? Dis reg. "Ek begryp dit net nie. Ek sien nie waaroor dit alles gaan nie." Wel, hy begryp Dit net nie. Dis al. Waar, jy wel begryp.

49 Let nou op, Paulus op sy pad daarheen. Sodra hierdie groot ervaring met hom gebeur het . . . Nou, hy was nie tevrede . . . Dis nou wat Paulus so goed maak.

50 Ons les vanaand is nie diep nie. Dis 'n oppervlakkige les, maar, o, ons sal by die diepte uitkom, na 'n ruk. Maar hierdie is 'n baie oppervlakkige les, maar dis net die begin. En wat is dit, dis een ding, dis Jesus Christus verhoog. Paulus, die begin.

51 En voor hy dit sou doen, Paulus was 'n Bybelgeleerde. En 'n Bybelgeleerde sal nooit sy leer op ondervindinge laat berus nie. Nee, meneer. Hulle sal nooit hulle leer op ondervinding laat berus nie. Jy kan enige soort ondervinding hê. Maar dit moet SO SPREEK DIE HERE wees. Reg.

52 Nou, in die Ou Testament, het hulle drie verskillende maniere gehad waarop hulle 'n boodskap kan uitken. Eerste die wet, dit was net die wet. Dan, het hulle 'n—'n profeet gehad; 'n dromer; en hulle het die Urim Thummim gehad. Nou dit mag 'n bietjie diep wees.

53 Die Urim Thummim was die borsplaat wat Aäron op sy bors gedra het. Daarin was twaalf stene: jaspis, sardis, karbonkel, sovoorts, verder aan. Hulle het al twaalf die groot stene gehad, wat in die borsplaat was, het getoon dat hy die hoëpriester was van elke stam, die twaalf stamme van Israel. Hierdie borsplaat het aan 'n pilaar gehang in die kerk. En wanneer 'n profeet geprofeteer het, en hulle wou seker maak of dit reg is, of nie. Die profete of die dromers het voor hierdie Urim Thummim gestaan, en hy het sy droom of sy visioen vertel, wat hy ook al gesien het. En as die Heilige Lig. . .O, sien julle dit? God het altyd in die bonatuurlike sfeer gewoon. Die konglomerasie, daardie ligte, was maar normaal totdat hierdie stem na vore gekom het. En wanneer die stem daardie stene getref het, as dit nie bonatuurlik was nie, het sy dormant gelê. Maar as dit bonatuurlik was, het daardie Ligte almal die reënboogkleur saam gereflekteer. Amen. Dan, was dit God wat gepraat het. "Dit is My profeet. Daardie droom het van My gekom." Dit was volgens die Urim Thummim dat hulle geoordeel het.

54 Onthou Saul toe hy afgedwaal het? Hy het gesê hy kon nie 'n droom hê nie. En die profeet, Samuel, was dood, en daar was geen manier nie. Hy het gesê: "Selfs die Urim wil nie eens met my praat nie." Niks. Saul het voor die Urim gestaan, en sy woorde was dooie slae. Sien? God het hom net geweier. En daardie Urim Thummim, dit was Aäron se bevestiging van sy priesterskap. Na Aäron heengegaan het, Moses. . .Die—die plaat het aan die pilaar gehang.

55 Nou, die Aäronse priesterskap het opgehou toe Jesus gesterf het. En nou, skei die wet van genade, het ons steeds 'n Urim Thummim. En Paulus het Dit gebruik. Sien? Die Urim Thummim vandag is God se Onsterflike, Ewige, ewigdurende Woord. Sien?

56 "Want wie ook al enigiets uit hierdie Boek sou neem, of iets Daaraan toevoeg." Ek wil nie enigiets Daarbuite hê nie, maar ek wil alles hê wat dit het. Dis die Kerk wat ons wil hê. En alle dinge moet deur die Woord bewys word.

57 Dis waarom ek onlangs ongewild geraak het tussen die Pinksters, omdat, het gesê: "Ek kan nie verstaan waar olie wat uit jou hande loop, of bloed uit jou gesig, 'n teken is jy het die Heilige Gees nie." Dis nie Skriftuurlik nie en ek—ek kon dit nie aanvaar nie. Dit moet uit die Woord uit kom.

58 En nou, Paulus, hy was net lief vir dieWoord. So, voor hy ooit van hierdie groot ondervinding wou getuig wat hy gehad het, het hy daar na Egipte gegaan vir drie jaar. Ek meen dit was drie jare, drie jaar daar in Egipte. En weet julle wat glo ek het hy gedoen? Ek glo hy het die Ou Testament geneem, en die Ou Testament deursoek, en gevind dat Dit werklik die absolute Messias was. Hy moes sy ondervinding deur die Bybel bewys. Amen. O, goeiste!

59 Kyk na hom toe hy in die tronk was. Julle let op, daar's 'n—'n deel van Paulus se lewe toe hy daar in die tronk was vir 'n lang tyd. Hy het die Boek Efésiërs geskryf. Hy het hierdie Hebreër-Brief geskryf. Sien? Hy het tyd gehad. God het hom daar weggelê in 'n tronk en hy het hierdie Briewe aan die kerke geskryf. Een aan die kerk van Efése. Hy het een geskryf aan die Pinksterkerk, het klomp probleme met hulle gehad. Met die Pinksterkerk het hy meer probleme gehad as enigiemand anders. Het dit nogsteeds. Maar hy was dankbaar oor hulle. Al ding wat hy hulle kon leer. . . Toe hulle ingekom het: een spreek in tale, een het 'n psalm gehad, een het 'n sensasie gehad, een het 'n gevoel gehad. Hy kon nie praat van, met hulle praat oor: "Ewige sekuriteit" nie. Hy kon nie met hulle praat van "voorbestemming" nie. Hy kon nie praat met. . . Hulle was babas. Hulle moes almal—moes iets voel, of iets sien, of snaakse gevoelens kry, en, of iets rondom hulle, een of ander bewys.

60 Maar ek glo, toe hy met die Efésiërs gepraat het, kon hy praat oor: "God het ons voorbestem tot seuns en dogters, en het ons aangeneem as kinders in Jesus Christus voor die grondlegging van die wêreld." Kyk daarna. Goeiste!

61 Kyk hoe kom hy oor in die Boek Romeine, ensovoorts. Hulle was volwasse. O, hulle het in tale gespreek, sekerlik, en hulle het ander tekens van die Heilige Gees onder hulle gehad. Maar hulle het nie leerstellings gemaak, en sensasies, en bewerasietjies, en snaakse gevoelens nie.

62 Paulus het gesê: "Julle—julle—julle gaan tot die uiterstes daarmee. Wanneer julle behoort te onderrig, julle is nog babas en moet melk hê.

63 Dis wat ek altyd probeer het om hierdie tabernakel te laat strewe om te wees, nie 'n klomp babas nie. Laat ons volwasse wees. Staan op die pad. O, goeiste. Daar het julle dit.

64 Toe, het Paulus eers daarheen gegaan om te sien of sy ondervinding met God se Bybel ooreengestem het.

65 O, sou dit nie wonderlik wees, vandag, as mense dit net weer sou doen, as ons ons ondervinding met God se Bybel sou laat ooreenstem het nie. As dit dit nie doen nie, dan is ons ondervinding verkeerd; dit flits nie in die Urim Thummim nie. As dit Daarin flits, amen, ons het Dit. Maar as dit nie, een of ander. . . Ek gee nie om hoe goed dit lyk, hoe werklik dit gelyk het of dit reg is nie; as daardie ligte nie flits op daardie Urim Thummim nie, was dit verkeerd.

66 En maak nie saak hoeveel ondervinding jy gehad het, hoe werklik dit lyk, hoe goed dit vertoon het, hoe opvoedkundig dit is, watter groot middel dit is om siele te wen nie; as dit nie in die Woord flits nie, is dit verkeerd. Reg. Dit moet in lyn wees met die Woord.

67 Nou, ek glo, en daar's 'n middel van die pad. Die pad, nou, baiekeer. . . Ek het altyd na 'n Nasarénerkerk gegaan. Die Here seën daardie liewe mense. Outyds, geheiligde Metodiste, is wat hulle is; kerk van God, Nasaréner, Pelgrim Heiligheid, en baie van daardie goeie ou heiligheidskerke. En hulle het altyd 'n lied gesing:

Ek wandel op die groot ou hoofweg,
Vertel vir almal waar ek gaan,
Ek sal liewer 'n outydse Christen wees,
As enigiets waarvan ek weet.

68 Goed. Wonderlik. En dan het hulle altyd van die hoofweg van heiligheid gepraat. Nou, as jy daaroor lees, hulle kry dit uit Jesaja, die 35ste hoofstuk. Nou, as julle oplet, hy het gesê: "Daar sal 'n hoofweg wees, *en* 'n weg."

69 Nou, *en* is 'n voegwoord. Sien? 'n Hoofweg, dit was nie 'n hoofweg van heiligheid nie. "Dit sal 'n hoofweg wees, *en* 'n weg en dit sal genoem word: 'Die weg van heiligheid,'" nie die hoofweg van heiligheid nie. "Die weg van Heiligheid!" En die weg van die pad is in die middel van die pad. Dit word *so* gebou sodat die water die vullis sal afspoel, na beide kante toe, die pad skoonhou. Jy dit nie doen nie, het jy poele wat in die pad staan, die heeltyd, as dit nie reg gebou is nie. "Die weg" is die middel van die pad.

70 Nou, aan hierdie kant, wanneer mense bekeerd raak, is hulle gemoedere reg op Christus ingestel. En as hulle net 'n bietjie geleerd is, en nie onder gebed bly nie, sal hulle koud raak, en rigied, en styf, en afsydig. En dan as hulle net 'n bietjie senuweeagtig is, as jy nie oppas nie, sal hulle radikaal en wild raak, aan *hierdie* kant, sien, hulle gaan oor na sensasies en alles.

71 Nou, maar die ware Kerk is 'n ware verstandige Evangelie, reg in die middel van die pad. Dit is nie koud en verstyf nie, ook is dit nie fanatisisme nie. Dis 'n ware, goeie, ou, warm Evangelie, hartgrondige liefde vir God, gaan daar reg met die middel van die pad, roep van beide kante af. Dis reg. Nou dis wat. . . En hoe gaan jy dit kry, kerk? Reg uit die Woord uit, die Urim Thummim.

72 Nou, Paulus wou hierdie kerk reg in die middel van die pad kry, toe gaan hy en bestudeer drie jaar lank die Skrifte wat hy geken het. Daarom, het Paulus die groter gedeelte van hierdie Nuwe Testament geskryf. God het hom dit laat doen omdat 'n Heidense tydperk onderweg was. Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes, die vier Evangelies, hulle was Jode. Maar Paulus het meeste van die briewe geskryf.

73 Nou, let op, nou gaan ons begin om nou hierdie agtergrond te kry, waarby hy is, skryf Dit, uit die tronk uit. En hy het al hierdie ondervinding gehad. Maar, eers, hierdie ondervinding

is eers bewys, en dit is sy sleutelbrief daartoe. Dit is sy sleutelbrief. Romeine en Efésiërs, ensovoorts, het hulle plek, maar dit is die sleutelbrief.

74 Nou, die hele 1ste hoofstuk, verhef Jesus, en onderskei Hom van 'n profeet te wees. Dit is nou die hele tema. Ek sal probeer om daarby te kom so gou as kan nou, sodat ons nie te lank bly nie. Die hele tema, is, onderskei die nuwe hoof-. . . nuwe. . . Die 1ste hoofstuk, is, onderskei Jesus van enige profeet, of enige wet, of sovoorts, en toon Wie Jesus is. Nou kyk: "God." Ons trek weg, die eerste woord: "God."

God, op versk-. . . *wat op verskeie tye*. . .

Verskeie beteken dat "destyds," afgelope tyd.

. . . *verskeie tye en op verskillende manier in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete,*

75 Nou, sien: "God op verskeie tye, destyds, het Hy met die vaders gepraat deur die profete." Dis hoe Hy Sy Boodskap moes gee, deur Sy profeet.

76 God sou Sy profeet stuur soos Elía, Jéremia, Jesaja. En as julle sal oplet, nêrens in die hele geskiedenis van die wêreld, het die kerk ooit 'n profeet voortgebring nie. Ondersoek dit in die Ou Testament, Nuwe Testament. Of in hierdie dag, in die laaste dag. Wys my enige profeet wat ooit opgestaan het uit die kerk in die laaste dag. Wys my een wat ooit opgekom het, uit. En wys my een keer dat 'n profeet, 'n ware dienskneg van God, dat die kerksisteem van die wêreld hom nie veroordeel het nie.

77 Dink net daaraan. Jéremia, Jesaja, daar heel deur die Ou Testament, hulle veroordeel het. Jesus het gesê: "Julle versier die grafte van die profete en maak hulle wit, en julle het hulle daarin gesit." Dis reg.

78 Die kerk hou daarmee vol. Kyk na Sint Patrick. Julle Katolieke mense maak aanspraak op hom. Hy's net so min Katoliek as wat ek is. Dis reg. Maar julle maak aanspraak op hom.

79 Kyk na Sint Francis van Assisi. Maak op hom aanspraak. Hy's net so min Katoliek as wat ek is.

80 Kyk na Jean D'Arc. Julle het haar op 'n brandstapel verbrand, as 'n heks omdat sy visioene gesien het en geestelik is. Het haar op 'n brandstapel verbrand. En daardie vrou het om genade geroep, en hulle het haar op die brandstapel verbrand. Omtrent honderd jaar later, het hulle uitgevind dat sy 'n profetes was. Sy was 'n dienares van God. O, natuurlik, julle het 'n groot straf gekry: julle het die priesters se liggaam opgegrawe en hulle in die rivier gegooi.

81 "Julle versier die grafte van die profete en het hulle daarin gesit." Reg. Nooit het die kerksisteem ooit 'n man

van God voortgebring nie; het nooit, het nie vandag nie, en sal nooit nie. Georganiseerde godsdiens was nog nooit God se tema nie.

82 Die oudste georganiseerde kerk in die wêreld is die Katolieke kerk; Luther, tweede; dan kom Zwingli; na Zwingli; kom Calvyn; Calvyn, voorts, die Anglikaanse, Anglo-Saksers wat dit opneem, toe die Anglikaanse kerk; en Koning Hendrik die Agtste, toe hy geprofeteer het, ensovoorts; en daar voort na die Wesley Metodiste, en Nasaréners, Pelgrim Heiligheid; en voort daar tot die laaste, is Pinkster, almal georganiseer. En die Bybel leer duidelik dat die Katolieke kerk 'n—'n vrou van slegte reputasie is, en die Protestantse kerke en hulle organisasies is haar dogters, Openbaring 17. Dis presies reg. So hulle . . .

83 Nou nie die mense nie. Daar is goed in al daardie kerke; geheiligde, geredde mense. Maar God roep nie Sy mense deur 'n organisasie nie. Hy roep hulle as indiwidue. God handel met indiwidue, of jy 'n Metodis, Baptis, Protestant en Katoliek, of wat jy ook al is. God het, voor die grondlegging van die wêreld, vir jou geken, en het jou voorbestem tot Ewige Lewe, of anders is jy voorbestem tot Ewige verlorenheid. Nie . . .

84 Hy het dit nie gewil dat jy vergaan sou word, jy sou vergaan nie. Maar, Hy synde oneindig, moes Hy die einde ken van die begin af, of Hy's nie God nie. So Jesus het nooit na die aarde toe gekom net om te sê: "Wel, Ek sal kyk of iemand genade is . . . As Ek optree en sterf, op 'n harde manier, sal hulle waarskynlik dink: 'Wel, ek . . .' Dit sal—dit sal hulle harte oortuig, en hulle sal . . ." God bestuur nie Sy besigheid so nie.

85 Jesus het gekom vir een spesifieke doel, dis, om hulle te red wat God, voor die grondlegging van die wêreld, geweet het sou gered word. Hy het so gesê. Dis reg. So jy is . . . "Dis nie hy wat wil, of hy wat hardloop nie; dis God wat genade betoon." Paulus het dit gesê. Dieselfde man hier.

86 Hy het gesê: "Dis waarom God kon sê, voor Esau of Jakob nog gebore is, Hy gesê het: "'Ek het een lief en haat die ander een.'" Voor beide seuns gebore is, het God geweet dat Esau 'n niksnuts was, en het Hy geweet dat Jakob is 'n . . . het sy geboortereg liefgehad. So Hy het, voor die wêreld ooit gevorm was, daarvan geweet. Nou, ons gaan uitvind binne 'n minuut Wie dit was wat dit geweet het. Hierdie hoofstuk het dit.

> *. . . God baiekeer en op baie maniere . . . gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.*

Het wat gedoen? "Het tot ons gespreek in hierdie laaste dae deur Sy Seun."

87 Nou, hoe sou julle dan dink, dat, wat sou 'n profeet wees? Sou ons dan 'n profeet hê van hierdie dag? Absoluut. Sou Hy daardeur spreek? Sekerlik. Maar hy wat. . . Die profete van die ou dag was die Gees van Jesus Christus.

88 Nou, laat ons dit reg kry, want ek dink nie dit sink reg in nie. Nou, dit is net soos Sondagskool, so ons wil dit duidelik hê. Sien?

89 Let op. Laat ons die Gees van God neem wat in Moses was, volmaak die. . . is die voorafskaduwee van Jesus Christus. Al die Ou Testamentiese karakters skadu die kruis vooraf. Moses, gebore 'n egte kind, versteek in die biesies, weggeneem van sy ouers, sovoorts, en was. . . Hy was 'n koning, of 'n—'n leier, wetgewer, middelaar, priester. Alles wat hy was, het Christus voorafgeskadu.

90 Kyk na Josef, geliefd deur sy vader, gehaat deur sy broers, en verkoop vir byna dertig stukke silwer. Gegooi in 'n put, veronderstel om dood te wees; uitgehaal. In sy vervolging, bakker gered, slagter verlore; twee diewe aan die kruis. En toe, toe hy uitgekom het, hy opgestaan het uit daardie put, en wat sit aan die regterhand van Farao, die grootste kommersiële. . . die—die—die nasie wat die hele res van die wêreld verslaan het. En geen mens kon na Farao kom tensy hulle deur Josef kom nie; Jesus wat sit aan die regterhand van God, en geen mens kan na God kom behalwe deur Christus nie. En wanneer Josef daardie troon verlaat het en uitgegaan het, het manne voor hom uitgegaan, geroep en basuine geblaas, die basuin geblaas, gesê: "Buig die knie! Josef kom."

91 En wanneer Jesus kom, sal 'n basuin blaas, en elke knie sal buig, en elke tong sal bely. Ja, meneer. Daar was Hy.

92 En toe Josef gesterf het, het hy 'n aandenking nagelaat vir hulle wat op verlossing gewag het.

93 Ek het my hand gesit op die ou doodskis, hier nie lank gelede nie, dit is uit lood gemaak. En sy liggaam was veronderstel om te bly. . . sy beendere. . . Het gesê: "Moet my nie hier begrawe nie, want eendag gaan God julle besoek." Hy was 'n profeet. "God gaan julle besoek." En het gesê: "Wanneer julle daar na die beloofde land toe gaan, neem my beendere saam."

94 Daar, kon 'n ou Hebreër, met 'n geslaande rug en bebloed, daar in daardie doodskis kyk en sê: "Eendag, gaan ons uit.

95 Jesus het 'n aandenking nagelaat, 'n leë graf. Eendag wanneer ons daar na die graf toe gaan, en ons geliefdes, en die ou kluitjies hoor, wanneer hulle sê: "As tot as, en stof tot stof, en aarde tot aarde." Maar, broer, ons kan oorkant die see kyk, na 'n leë graf. Eendag, gaan ons hier uit. Ons gaan huis toe. Hy kom. Alles is getipeer.

96 Kyk na Dawid, verwerp deur sy eie mense, onttroon deur sy eie mense. 'n Koning van Jerusalem gewees, is uit Jerusalem uitgedryf deur sy eie mense. En waar hy teen die Olyfberg opgegaan het, het hy omgekyk en geween. Hy is verwerp.

97 Agthonderd jaar van toe af, het die Seun van Dawid, Koning van Jerusalem, op 'n heuwel gesit en ween, omdat Hy verwerp is.

98 Dit was die Gees van Christus in Dawid. Almal het die kruis voorafgeskadu. Daardie profete destyds het in Sy Naam gespreek. Hulle het in Sy Naam gelewe. Hulle het in Sy Naam opgetree. Sekerlik. "God het baiekeer en op baie maniere gespreek tot die vaders deur die profete, maar in hierdie laaste dag deur Sy Seun."

99 So die profete en geestelike manne, vandag, is slegs die refleksie van Christus. Daar, het hulle deur die wet gestaan, kyk. Hier staan hulle, kyk terug na die ander kant toe, deur genade.

100 Dis in die Hebreërs 11, die laaste hoofstuk, ek het dikwels daaroor gewonder. In die laaste hoofstuk, die laaste deel van die 11de hoofstuk van Hebreërs, waar hy oor Abraham praat. Die groot geloofshoofstuk, en aan die einde, het hy gesê: "Hulle het rondgedwaal in skaapvelle en in bokvelle, en is verarm, en in stukke gesaag. Hulle het rondgedwaal, geen plek om heen te gaan nie, gehaat, en verag, en vervolg. Van wie, hierdie wêreld is sulke mense nie waardig nie."

101 Toe staan Paulus en het gesê: "Maar sonder ons is hulle nie volmaak nie." Want hulle het maar net *na* die kruis gekyk, en ons kyk *deur* die kruis. Ons het die Gees van Christus nadat Dit menslike vlees geword het en onder ons gewoon het. Ons kom hier deur die Heilige Gees, wat 'n baie beter plan is.

102 En soms wonder ek wat die Christendom vandag verwag. 'n Prediker wat in 'n tent rondgaan sal moet wees . . . of een of ander nuwe kerk of een of ander nuwe opdrag, noem homself 'n profeet, kom hier aangestap, sê: "Wel, as hulle my soveel geld sal gee. As ek die beste motor kan hê. As hulle sal . . . As my salaris elke ses maande verhoog sal word."

103 Ons moet die beste hê. Ons moet die beste huise hê. Ons moet die beste klere hê. Wat sal ons maak wanneer ons staan in die teenwoordigheid van daardie manne wat rondgedwaal het, in bokvelle en skaapvelle, geen plek om hulle kop neer te lê nie, dwaal rond in woestyne? En iemand spot met ons en ons is gereed om die kerk te verlaat en nooit weer terug te gaan nie. Wat Christendom nie vandag vereis nie. Ons behoort ons vir onsself te skaam.

O God, wees ons genadig.

104 In daardie dag, het Hy deur die profete gepraat, maar hierdie dag deur Sy Seun. Dit was die woord van 'n profeet, daar. Dit is die Woord van die Seun, vandag. O, geseënd sy die Naam van die Here!

105 Met ander woorde, as jy na die skaduwee kyk, die negatief, kan jy dalk 'n fout maak. Maar Dit is ontwikkel, die foto is duidelik. Dit was deur die profeet; dit is deur Sy Seun. Dit was deur 'n negatief; dit is deur 'n positief. Amen. Sien julle dit? Daar is nie 'n kans om te verloor nie. Dis 'n positiewe ding, hierdie dag deur Sy Seun. O, hoe wonderlik!

> . . . *wat Hy as erfgenaam* . . . (o, goeiste) . . . *erfgenaam van alles aangestel het,* . . .

106 Wat was dit? Dit was 'n aanstelling. O, luister. Hy is aangestel, Christus is, erfgenaam van alle dinge. O, die Duiwel het dit geweet, van die tuin van Eden af, sien julle, toe die Duiwel daardie Woord gehoor het daardie dag, met die oordeel van daardie mense. Het gesê: "Omdat jy uit die stof kom; tot stof sal jy terugkeer; en die vrou se Saad sal die slang se kop verbrysel." 'n Beloofde Saad.

107 Satan was voortdurend op die uitkyk vir daardie Saad. Toe Abel gebore is, het hy gesê: "Daar is dit, dis die saad." En hy het Abel doodgemaak. Sy seun, Kain, het Abel doodgemaak. En net toe Abel dood is, het hy gesê: "Ek het die saad gekry." Hy het dit doodgeslaan. Hy het gesê: "Ek het hom." Maar, Abel se dood, Set se geboorte was weer die wederopstanding. Let op hoe hulle daar voorkom.

108 Daardie lyn van Set, dit het voortgegaan, 'n nederige regverdige man; voort daar tot Henog; voort daar na Noag, tot aan die einde van die sondvloed se verwoesting.

109 Kyk na Kain se lyn, word slim mense, geleerd, wetenskap. Sê die Bybel nie . . . Het Jesus nie gesê, dat: "Die kinders van hierdie wêreld is wyser as die Kinders van die Koninkryk," nie? Kyk na die kant van Kain vandag nog: slim, geleerd, skepties, baie godsdienstig; sien, baie godsdienstig, maar wetenskaplikes, bouers, groot manne.

110 Vat groot manne. Kyk na Thomas Edison, baie groot manne. Kyk na Einstein, die brein van die wêreld, sogenaamd, vandag, die brein van die wêreld. Maar ons probeer nie brein gebruik nie. Ons laat die Gemoed wat in Christus was, in ons wees, en kyk na hierdie Woord, en noem dit so.

111 Mediese dokters, al salueer ons hulle met wat ons ook al het, maar die meeste van hulle is skeptici, agnosties. Kyk na die slim, intelligente mense vandag. Hulle is aan daardie kant daar, die Kain kant.

112 Maar kyk na die nederige en sagmoedige. Daar is weer jou wederopstanding. O, geseënd sy die Naam van die Here. Daar is dit. Let op.

> . . . en Hy het hom *erfgenaam van alles* gemaak, *deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.*

Wie het die wêreld gemaak? Christus. "Het Christus die wêreld gemaak?" Ja, meneer. Laat ons net 'n bietjie verder gaan.

> *Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy* teenwoordigheid . . .

Die afskynsel van wie se heerlikheid? God se heerlikheid. Die afdruksel van Wie se Teenwoordigheid? God s'n. O, ek hou hiervan!

> . . . *of afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord* . . .

Daar het julle dit. Die Woord, wat alle dinge dra. Jesus het gesê, in Matthéüs 24: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie." Hy dra alle dinge.

113 Wetenskap probeer Dit afspeel, en sê: "Dis 'n ou Boek. Dis vertaal."

114 Selfs die Rooms Katolieke kerk, Biskop Sheen het gesê: "Dis vier of vyf verskillende kere vertaal, en nie veel Daaraan nie. Jy sou nie Daarvolgens kon lewe as jy moes nie." Maar Hy dra alle dinge deur Sy Woord. Amen. Dis wat ek Daarvan dink. Ek glo die Bybel.

> . . . *die woord van sy krag,* (daar's krag in die woord), *nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het,* . . . (kyk net hier) . . . *gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.*

115 Wat probeer Paulus doen? Hy probeer wys dat God alle dinge in Christus bedoel het, en Christus is die afdruksel van die wese van God. Die hele res van die hoofstuk deel met hoedat Hy groter is as die Engele, hoër as alle magte. Engele het Hom aanbid. Paulus het Hom probeer verheerlik.

116 Nou, ek wil probeer, as ek nie verder kom as dit nie, die res daarvan is net verheerliking van Christus. Wat Paulus hier sê, soos in die 11de hoofstuk, en alles oor praat oor die wêreld. Hy het gesê: "Wat—watter Engel het Hy voor gesê: 'U is My Seun, vandag het Ek U gegenereer'?" Sien?

117 "Die einde van die wêreld, sal hulle vergaan. Die wêreld sal vergaan. Maar die . . . En al die dinge van die wêreld sal vergaan. Hy sal hulle omhoog hou soos 'n gewaad. Hulle sal oud wees, en omgedraai, en weggaan. 'Maar U bly. U bly vir altyd. U is My Seun. Vandag het Ek U gegenereer, en sal nooit vergaan nie, sit aan die regterhand van die Majesteit.'"

Wat beteken *regterhand*? Nie, God het 'n regterhand wat iemand daaraan sit nie. *Regterhand* beteken "krag en outoriteit," het die outoriteit oor alles in die Hemel en aarde. En al die Hemele en aarde is deur Hom gemaak.

118 Nou, Wie is hierdie groot Meneer, hierdie groot Kêrel? Christus. Hier, God in Vader, Seun, en Heilige Gees, dis nie. . . Dis 'n drie-eenheid, maar Dis nie drie-eenheid van mense nie. Dis 'n drie-eenheid van amp, van een God.

119 Hy was die Vader wat die kinders van Israel gelei het. Dit was sy amp, die groot Jehova Vader. En Hy het op aarde gewoon, naamlik die Seun. En nou woon Hy in Sy Kerk, naamlik die Heilige Gees. Nie drie Gode nie; een God in drie ampte: Vader, Seun, Heilige Gees.

Mense probeer Hom drie verskillende Gode maak, God die Vader. Dis waarom, Jode, jy kan nooit. . . Jy sal dit nooit aan 'n Jood bring nie, nee, dit daar nie. Hy kan nie. Hy het 'n gebod, dat: "Ek's Een God." Daar's net een God.

120 In Afrika doop hulle drie verskillende maniere: hulle doop eenkeer vir die Vader, en eenkeer vir die Seun, en eenkeer vir die Heilige Gees. Die Apostoliese Geloofsending, hulle doop driemaal, gesig vorentoe, na Sy dood. Wat hulle noem die Volle Evangelie aan die Weskus, of die Ooskus, doop driemaal agtertoe, gesê Hy. . . tot Sy begrafnis.

En hy het gesê: "Toe Hy gesterf het, het Hy vooroor geval."

121 'n Ander het gesê: "Wag. Jy begrawe 'n mens op sy rug." Sommer klein ou tegniese dingetjies, wanneer, hulle beide verkeerd is; beide verkeerd, volgens die Skrif.

Dit is die Urim Thummim. Dit beslis dit.

122 Nou, hier, laat ons dit maar uitbeeld en kyk wat—waarna dit lyk, vanaand. Hier is dit, as julle dit wil sien. In totaal omtrent vyf-en-twintig jaar was ek 'n prediker. Ek het dit bestudeer. En ek het dikwels gewonder oor gawes in die kerk. Wat is daardie gawes? Profesie, spreek in tale, interpretasie van tale, Goddelike openbaring, sovoorts, wat alles deur Christus kom.

123 Nou kyk. Christus is die Hoof van alle dinge. En Hy's die Hoof van die Kerk. En het julle al ooit 'n groot diamant gesien? 'n Yslike groot diamant wat reg gesny is, dit het klein stukkies afgekap daarvan af, afgesny daarvan af. Dit maak 'n korrekte diamant. Waarvoor word dit gesny? Die egte diamant, soos wat dit uitkom, is dit beskadig; die egte diamant, wanneer dit gevind word.

Ek was in Kimberley. Julle, baie van julle, wat gehoor het jy kan diamante in die straat optel, dis korrek. Ek en Billy, en Mnr. Bosworth. Die president van die Kimberley diamantmyne, vat. . . Hy was my plekaanwyser in die diens daar. En hulle

het ons soontoe geneem. En net buite. . .Hulle myn hulle omtrent, o, omtrent sewentienhonderd voet onder die aarde. Hulle kom uit, 'n blou klip, groot blou, soos hierdie blou klip wat jy hierrond kry. En daardie inboorlinge, hulle sit hulle sewentienhonderd voet in die grond, om hulle te myn, om die prys hoog te hou. Sou jy daar op die rivier gaan, hulle bewaak dit vir honderde myle. Vat twee tiengelling emmers, het hy gesê, en tel dit op, vol—vol sand, en as jy daarmee by die huis sou kon kom, sou jy 'n multi-miljoenêr wees, daar sou soveel diamante daarin wees. Maar hulle moet werk en hulle myn, om die prys op hulle hoog te hou.

124 Nou, die diamant, wanneer dit te voorskyn kom, dis net 'n groot, gladde, ronde, soos, stuk glas. Daar's 'n blou diamant, swart diamant, smarag, en 'n skoon diamant, wit diamant. Maar wanneer dit te voorskyn kom. . .Dan wanneer dit gemaak word en in gebruik gestel word, is daar 'n deel van daardie diamant wat verloor moet word. En dit moet die—die stukkies daarvan af verloor. Sny stukkies, omdat, wanneer dit in direkte lig kom, *so*, laat dit dit vonkel. Die stukkie, wat dit laat vonkel, die wyse waarop dit gesny is. Dit word gesny, stukkies af, en dan, as dit gedoen is, laat dit dit vonkel. En een sal 'n groen lig maak, die ander een sal 'n blou lig maak, en miskien 'n ander smaraglig, en rooi lig. En verskillende ligte gaan daaruit, soos 'n reënboog kleur. Hulle noem dit "vuur in die diamant."

125 Nou, elkeen van daardie ligte stel gawes voor. Maar dis, slegs, Christus is die Diamant. En Hy was die Een Wat gekom het, en verbrysel is, en gewond, en gesny, dat Hy Homself kon terugkaats as 'n Lig vir die wêreld. Hy's daardie Meesterdiamant.

126 Sou julle julle kon voorstel, voor daar selfs 'n aarde was, voor daar 'n lig was, voor daar 'n ster was, voor daar enigiets was? Daar gaan 'n Groot Fontein uit, van Gees, en uit hierdie Fontein het die suiwerste van liefde gekom, omdat daar niks anders daarvoor was om daaruit te kom, as liefde nie. Nou, ons, wat ons liefde noem, vandag, is 'n bedorwe liefde. Maar net soos ons 'n wese, of 'n klein bietjie van daardie liefde in ons kry, verander dit ons hele opinie.

127 Dan het daar 'n ander stroom daaruit gekom van hierdie Hooffontein, die Diamant, af, en dit is geregtigheid genoem, absoluut geregtigheid. Nou, dis waarom ons die wet moes hê. Dis waarom die wet oordeel moet hê. As geen oordeel die wet volg nie, help die wet glad nie. En toe oordeel gefel is deur die wet, wat die dood bring, en daar is niemand wat die boete kon betaal nie behalwe God Self. En Hy het die boete van ons dood betaal, en het ons sondes op Hom geneem, dat ons die geregtigheid van God kon wees, deur Hom.

128 Nou, toe hierdie groot Ligte uitgegaan het, of groot strale Gees: liefde, vrede, dis al wat daar was, Dit. Daar was geen

lyding nie. Daar was geen—geen haat nie, ook geen kwade gevoel nie; dit kon nie uit hierdie Fontein kom nie. Dit was Jehova. Dit was Jehova God. En nou, soos die teoloë dit noem, 'n teofanie het Daaruit gegaan, wat genoem is, in die Skriftuurlike, die "Logos," die Logos wat uit God uitgegaan het. Dis moeilik om te verduidelik, maar dit was 'n deel van God.

129 Nou, dit is wat gebeur het. O, verskoon my. Ek—ek—ek raak meegevoer hierdeur, dit bring my sommer daar wat ek dit liefhet. Sien? Die Logos en hierdie groot Fontein, hierdie groot Fontein van Gees wat geen begin of geen einde gehad het nie; hierdie groot Gees het begin vorm, in die skepping, en die Logos wat Daarvan uitgegaan het, was die Seun van God. Dit was die enigste sigbare vorm wat die Gees gehad het. En dit was 'n teofanie, wat 'n liggaam beteken, en die liggaam was soos 'n mens.

130 Moses het Dit gesien toe Dit verbygegaan het deur die . . . by—by die rots. En hy het Daarna gekyk, gesê: "Dit het gelyk soos die agterkant van 'n mens."

Dis dieselfde tipe liggaam wat ons ontvang wanneer ons hier sterf. "As hierdie aardse tabernakel uiteengaan, het ons een wat alreeds wag." Dit was Dit. En dit was die teofanie wat die Seun van God was. Daardie Seun, daardie Logos, het vlees geword, omdat ons in die vlees geplaas is. En die teofanie, die Logos, het vlees geword, hier onder ons, en Dit was niks anders as die woonplek nie, want daardie hele Fontein het in Hom gewoon. O, sien julle dit? Daar is Dit. Dit was die Een, wat, in . . .

131 Kyk hier. Laat ons nou heel gou blaai na Hebreërs, die 7de hoofstuk, net vir 'n oomblik van—van genade, as God wil. Laat ons kyk hoe dit hier lyk. Abraham!

Hoeveel tyd het ons? Ons het tien minute. Goed. Ons raak dit aan, dan handel ons dit af volgende, volgende, of Sondag, as die Here wil.

132 Abraham het teruggekeer van die verslaan van die koning.

Want hierdie Melgisédek, koning van Salem . . .

Hoeveel weet waar, wie, wat Salem was? Jerusalem.

. . . koning van Salem, prins *van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;*

Luister.

Aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het — hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid . . . dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;

sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, . . .

133 ’n Koning het daar van Salem gekom, en Abraham ontmoet wat van die verslaan van die konings gekom het. En hierdie Koning het geen vader gehad, geen moeder gehad, het geen begin van dae of Lewenseinde gehad nie. Wie het Abraham ontmoet? Dink nou. Hy het geen vader gehad nie; Hy het geen moeder gehad nie. Hy het nooit ’n tyd gehad dat Hy begin het nie, en Hy het nooit ’n tyd wanneer Hy sal eindig nie, so daardie selfde Koning van Salem moet vandag nog lewe. Amen. Sien julle dit? Dit was daardie teofanie wat daardie Seun van God was. Watter Salem? Daardie Jerusalem wat Daarbo is, waarna Abraham, synde geseënd, op soek was, vind, probeer vind die Stad wie se Bouer en Oprigter God was. Hy het rondgedwaal in skaapvelle en bokvelle, oral, verlate, swerwend, en was op soek na ’n Stad wie se Bouer en Oprigter God was. En hy het die Koning van daardie Salem ontmoet, daar aangekom, en hy het Hom ’n tiende van al die buit betaal. Amen. Dis Hy. O, Broer Graham, dit was Hy. Dit was Hy.

Abraham het Hom weer gesien. Eendag het hy in die tent gesit. Hy het gekyk, daar aan die naderkom, en hy het drie manne sien kom.

134 Weet julle, daar’s sommer iets aan ’n Christen, dat hy Gees herken wanneer hy Dit sien. Wanneer hy. . .Hy weet dit net. Daar’s net iets Geesteliks daaraan. Geestelike dinge word Geestelik onderskei. Weet julle. Ja, hy kan dit sommer herken, as hy werklik gebore is. “My skape ken My stem.”

135 En hy het geweet daar is iets. Hy het uitgehardloop. Hy het gesê: “Kom binne, my Heer. Gaan sit. Vertoef ’n bietjie. Ek sal ’n stukkie brood gaan haal en in U hand sit. Ek sal U voete was. Rus U uit, gaan dan op U reis, want U—U het my kom besoek.” Daar in die barre land, die moeilike weg gekies, die weg saam met die Here se veragte paar.

Terwyl, Lot in weelde gelewe het, die kleinneef daar, maar hy het in sonde gelewe. Dis wat die meeste rykdomme voortbring, is sonde.

136 Toe het Abraham Hulle nadergebring, terwyl hy ’n bietjie water gaan haal en Hulle voete gewas het. Hy het uitgehardloop na die kalf, en het ’n vet kalf in die trop gekry en dit geslag; dit vir ’n dienskneg gegee, om voor te berei. En het gesê: “Sara, knie jou meel.”

Julle weet wat knie is, dit beteken. Weet julle, ma het altyd ’n ou, soort van ’n wig gehad, het sy gehad in die—die meelkis. Het julle ooit een van hulle gesien met ’n sif? En jy het ’n wig daarin gehad, jy het die meel geskraap; en word *so* swaar, en skraap dit deur, soort van. Ek het mamma dit sien doen, baiekeer, die wig, het ’n ronde dingetjie wat ’n draadsiffie daarop het. Sy sou daardie meel opkry en dit *so* sit, weet julle,

en dit heen en weer tik, *so*. Dan die wig vat en dit rondskraap, *so*, om dit alles af te kry. En dit toe ons daarheen moes gaan om ons meel gemaal te kry by die ou graanmeul, en groot ou meulstene, weet julle, swaar, het regte mieliemeel gemaak. Jy kon heeldag stompe saag, daarop.

137 So toe, het gesê: "Knie 'n bietjie meel, gou-gou. En maak 'n paar mieliemeelkoeke sommer hier op die vuurherd, gou-gou." En hulle het die koei gemelk en 'n bietjie melk gehaal. En kry, het dit gekarring, en bietjie botter gemaak. En toe het hulle gegaan en die kalf geslag en bietjie vleis gebring, en hulle het die vleis gebraai. Het die karringmelk gehad, mieliebrood, en hulle het bietjie botter gehad om op die mieliemeelkoeke te sit. O, dis regtig lekker. En hulle het dit alles daarop gesmeer. En hy het dit uitgehaal en dit voorgesit vir hierdie drie Manne.

138 En terwyl Hulle eet, het Hulle na Sodom bly kyk. En na 'n ruk, het Hulle opgestaan en begin wegstap. En het gesê, Abraham, het gesê: "U sal dit nie vir my wegsteek nie."

139 "Ek kan dit nie vir jou wegsteek wat Ek gaan doen nie. Ek gaan daarheen. Die sondes van Sodom het My ore bereik."

Wie was die Man? Stof oral oor Sy klere, en het daar die vleis van kalf gesit en eet, en die koei se melk gedrink, en bietjie mieliemeelkoek mieliebrood geëet, en bietjie botter. Wie is hierdie vreemde Kêrel? Twee, of drie van Hulle, wat daar sit. Stof oral oor Sy klere. O, ja: "Ons is van 'n ver Land." Ja, ver weg. En toe het Hy gesê . . . Wel, Wie was Hulle?

140 Hy het gesê: "Ek kan dit nie vir Abraham verswyg nie, sien dat hy die beërwer van die aarde is." Amen. "Ek sal My geheime openbaar," ander woorde: "aan hulle wat die aarde beërwe." Dis waar die Kerk vandag behoort te wees. Dis reg. Kry die Geheime van God, weet hoe om jouself te gedra, en op te tree, en wat om te doen, en hoe om te wandel, en hoe om te lewe. Ons gaan die aarde beërwe. Reg. Hy openbaar Dit aan jou, want Hy sal niks terughou nie. Dis waarom ons kyk hoe hierdie dinge vervul word.

Die wêreld sê: "A, dis 'n klomp fanatisisme." Laat hulle dit sê. Die beërwer van die aarde weet hierdie dinge. [Leë kol op band—Red.]

> . . . *want hulle sal die kinders van God genoem word.*
>
> *Salig is* hulle wat *die sagmoediges is: want hulle sal die aarde beërwe.*

Hy maak Sy geheime aan hulle bekend, openbaar dit aan hulle, wys hulle wat om te doen en hoe om te leef, die dinge van die wêreld te versaak; godvresend te wandel en godvresend te lewe, in hierdie huidige wêreld, met Hom saam te wandel. Laat die wêreld sê wat hulle wil.

141 Toe het Hy gesê: "Ek kan hierdie geheim nie van Abraham weerhou nie, omdat, siende dat hy die aarde sal beërwe. Maar," het Hy gesê: "Ek gaan daarheen om Sodom te vernietig. Ek gaan daarheen."

142 "Wat gaan U doen, Meneer? Van waar is U? Waaroor gaan dit alles?"

143 Gekom uitvind, Hy het gesê: "Nog 'n ding, Abraham, jy het vyf-en-twintig jaar gewag vir hierdie belofte wat Ek jou gegee het. Julle het al klaar al die flennie, die—die spelde en alles, vir hierdie baba, vyf-en-twintig jaar gelede. Julle wag steeds op My. Nou gaan Ek julle besoek, net omtrent die tyd van die lewe, volgens, tyd van die lewe, volgende maand sal Ek by julle wees."

144 En Sara, agter in die tent. En hierdie Man het Sy rug gekeer gehad na die tent, met Abraham gepraat, *so*. En Sara het: "Huh!" gemaak.

145 Hy het gesê: "Wat het Sara laat lag?" Ha-ha-ha! Wat daarvan? Dit was nogal telepatie, was dit nie? "Wat het Sara laat lag?"

Sara het gesê: "Nee. Ek het nooit gelag nie."

146 Het gesê: "O, ja, jy het." Sy was bang. Sy het gebewe. Wie was Dit, om te weet wat sy agter in die tent gedoen het? Dis Daardie selfde God wat vandag met ons is. Dieselfde Een. Hy weet alles daarvan. Sien? Hy openbaar dit net soos wat jy behoefte het. Sien?

147 "Waarom lag jy?" Sien, Sy rug daarnatoe gekeer. Die Bybel het dit gemeld, dat: "Sy rug was na die tent gekeer." Maar, Hy het dit geweet. "Vir wat doen sy, daaragter, *dit*, sien jy?"

Toe, het Hy gesê: "Ek gaan julle besoek."

148 Wie is hierdie vreemde Kêrel? Weet julle wat het gebeur? Hy het net daar uitgestap en verdwyn. En die Bybel het gesê dat Dit God Almagtig was, Jehova, daardie groot Fontein, daardie Teofanie, daardie Logos.

149 'n Prediker het vir my gesê, 'n tyd gelede, gesê: "Broer Branham, jy sou nie werklik dink dit was God nie, sou jy?"

150 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê Dit was God, Elohim." Wat, Hy was God Almagtig, die El Shaddai, dis reg, die Kraggewer, die Bevrediger. Amen.

151 O, ek voel godsdienstig! Dink daaraan, hier, soos Hy nou is. Ek gaan julle wys Wie Hy hier is, dan sal julle sien Wie die Seun is. Dit was Jesus, voor Hy die menslike Naam: "Jesus," gehad het.

152 Het daar gestaan by die fontein daardie dag. En hulle het gedrink, julle weet, en: "Die water gebruik wat in die wildernis

is," en sulke dinge. Hy het gesê: "Hulle het manna geëet." Gesê, hy het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die wildernis, vir veertig jaar."

153 Hy het gesê: "En hulle is, elke een, dood." Het gesê: "Ek is die Brood van die Lewe wat van God kom, uit die Hemel. Hy wat hierdie Brood eet sal nooit sterf nie."

154 Het gesê; "Wel, ons vaders het gedrink van die Gees, van 'n geestelike Rots wat in die wildernis was, wat hulle gevolg het."

155 Hy het gesê: "Ek is daardie Rots." Glorie! Johannes, die 6de hoofstuk.

"Wel," het hulle gesê: "wat?"

"Ja. Dis reg."

156 "Wel,' het hy gesê: "U is . . . U is nie eens vyftig jaar oud nie." Natuurlik, Sy werk het Hom 'n bietjie oud laat lyk, maar Hy was maar dertig. Het gesê: "U is 'n man nog nie vyftig jaar oud nie, en U sê U het Abraham gesien, wat al dood is vir agt- of negehonderd jaar? Ons weet nou U is 'n duiwel."

157 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Daar is Hy. Wie was die EK IS? 'n Voortdurende Naam vir alle geslagte. Dit was die . . . daardie Vuurkolom in die brandende bos. "EK IS WAT EK IS." Daar was Hy, daardie Teofanie wat hier teëgekom is, genoem die Seun van God, die EK IS, die Jehova.

158 Thomas het gesê: "Here, toon ons die Vader. Dit sal ons tevrede stel."

159 Het gesê: "Ek is al so lank by julle, ken julle My nie?" Het gesê: "Wanneer julle My sien, sien julle die Vader. Waarom sê: 'Toon U ons, die Vader'? Ek en die Vader is Een. My Vader woon in My. Ek is maar net 'n tabernakel wat die Seun genoem word. Die Vader woon in My. Nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon. Hy doen die werke, nie Ek nie."

160 Nou, het destyds daar gestaan, weer, Moses het Hom gesien, die agterkant van Hom, het gesê: "Het gelyk soos die rugkant van 'n mens," die Logos wat van God uitgegaan het.

161 Wat het toe gebeur? Dit was God. En waarom Hy van Logos tot vlees geword het . . . Wat? Hoe maak jy . . . Wat het daarvan geword? Vyf minute tevore, was Hy 'n . . . Hy was die Logos. Maar wat het Hy gedoen? Hy het net uitgereik na . . .

162 Nou, ons liggame is gemaak van sestien verskillende elemente van die wêreld. Ons weet dit. Dis gemaak van kalium, en—en 'n bietjie kalsium, en—en petroleum, en kosmiese lig, en atome, ensovoorts. Almal opeengehoop, en maak hierdie liggaam, kom uit die stof van die aarde. Jy eet kos. Soos jy die kos eet, verander dit in . . . vanuit die stof, en dit kom van die stof, en dit gaan net—net voort. Jou vlees, insoverre jou vlees, is nie verskillend van 'n perd, of van 'n koei of enigiets anders nie. Dis steeds net vlees.

163 En, man, jy verheerlik daardie vlees; maar daardie vlees het siel daarin, my broer. Dis reg. Maar jou vlees is net stof van die aarde, soos die dier. Jou vlees is nie meer as 'n dier nie. En as die vlees begeer en die ding wat jy sien, vroue begeer, al hierdie verskillende dinge begeer, dis steeds dierlik. Dis reg. Dis reg. Jy behoort dit nie te doen nie. Die Gees van God sal jou voortlei en jou plaas op 'n hoër vlak as dit. Dis presies reg.

164 Nou, en hier, hierdie groot Teofanie staan hier. Wat? Daardie groot Jehova God, weet julle wat Hy gesê het? Hy het net uitgereik en 'n handvol atome geneem, 'n bietjie lig geneem, en dit in hom gegiet, *so*: "Whew," gemaak, 'n liggaam, en sommer net daarin gestap. Dis al.

165 Gesê: "Kom hier, Gabriël," daardie groot Aartsengel. "Whew," gemaak. "Klim *daarin*."

166 "Kom hier, Michael," die Engel aan Sy regterkant. "Whew." Vir die . . . "Stap jy *daarin*."

167 God, en twee Engele, het hier gewandel in menslike vlees, en die melk van 'n koei gedrink, die botter uit die melk geëet, en 'n bietjie mieliebrood geëet, en die vleis van die kalf geëet. Twee Engele en God. Die Bybel het so gesê. Dis Melgisédek, wat Abraham ontmoet het, toe hy van die verslaan van die konings gekom het. Dis die Seun van God.

168 Gaan voort, hier in Hebreërs, die 7de, gesê: "Maar na die orde van gelykgestel aan die Seun van God." Daar is Hy. Hy het alle dinge deur Hom gemaak. En Hy het daar net uitgestap, en sommer daardie stof weer tot stof terugverander, en teruggetree in Heerlikheid in.

169 En die Engele, sodra Hulle Lot en Mev. Lot verlos het, en sy het aanhou terugkyk. Hy het gesê, hulle gesê om dit nie weer te doen nie. En Hulle het reg teruggetree in na—na die Teenwoordigheid van God.

170 Nou watter groot hoop het ons nie, hierdie groot Geloof wat ons vanaand dien! Die lewende God, die Jehova, die Vuurkolom, is met ons. Toon Homself in krag, en aksie, en groot maak. Laat hulle die Foto van Hom neem, dieselfde Jehova. Die Seun van God wat van God gekom het, teruggegaan het na God, en in Sy Kerk woon vir ewig. Daar is Hy.

171 Hy het ons name op Sy Boek, met 'n eed gesweer by Homself, want daar is geen groter een by wie Hy kan sweer, dat Hy ons op die laaste dag sal opwek nie. "Hy wat My Vlees eet en My Bloed drink, het ewigdurende Lewe, en Ek sal hom opwek op die laaste dag. Hy wat na My toe kom, sal Ek nooit verwerp nie. Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nooit onder veroordeling kom nie, maar het oorgegaan van die dood na die Lewe."

172 Daardie selfde Een sou net kon reik en ’n handvol kalsium en kalium gryp: “Whew,” maak, en daar is jy weer. En my naam is op Sy Boek. O! O! O! Wat gee ek om hoe krom my skouers raak, hoe oud ek word? Sekerlik nie. Nie ’n bekommernis nie.

173 Broer Mike, een van hierdie dae, geseënd sy jou hart, broer, wanneer daardie groot basuin sal kom, daardie geluid, en daardie Josef na vore sal tree. Halleluja! Hy sal sê: “Kinders! Whew.” Daar sal jy wees, gemaak na Sy gelykenis; jonk vir ewig, ouderdom het verbygegaan; siekte, probleme, leed het verdwyn. Glorie sy aan die lewe God!

174 Dis deur Wie Hy vandag spreek, Sy Seun: “Baiekeer en op verskillende maniere het Hy deur die profeet gespreek, maar in hierdie laaste dag deur Sy Seun, Christus Jesus.” Hy spreek tot die hart van elke mens wat Hy geroep het. As jy ooit Sy Stem gevoel het, Hom aan jou hart hoor klop het, moet dit asseblief nie wegwys nie.

Laat ons bid.

175 Hemelse Vader, vanaand, waar ons so bly is om te weet, by die oopmaak van hierdie Hebreër-brief, hoe Paulus reg teruggegaan het in die Evangelie. Hy wou dit net nie aanvaar op ’n hoorsê of op ’n ondervinding nie. Hy wou hê ons moet weet wat die Waarheid is. En hy het reg teruggegaan in die Evangelies, en hy . . . terug in die Ou Testament, die Evangelie wat vir hulle verkondig is. En hy het gesien, daar deur die Ou Testament, en die skadu’s en tipes. Dis waarop ons vanaand hierdie groot Boek Hebreërs het. En ons sien Dit, Here, en hou Daarvan. En deur die tye, is Dit verbrand, is Dit verstrooi, is daar probeer om Daarmee weg te doen, maar Sy wuif steeds net dieselfde voort. Want U het gesê: “Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nie.”

176 Dan sou die skeptikus sê: “Wel, jy het gesê: ‘Paulus het dit geskryf.’” Nie Paulus nie, maar God wat in Paulus was, daardie skeppende Wese wat binnekant Paulus was.

177 Net soos wat in Dawid was, toe hy gesê het: “Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderf sien nie, nóg sal Ek Sy siel in die hel agterlaat.” En die Seun van God het daardie Woorde van daardie profeet geneem, en tot reg in die boesem van die hel ingegaan. En het gesê: “Breek hierdie tabernakel af, en Ek sal dit in drie dae oprig.” En Hy het dit gedoen, omdat God se Woord nie kan faal nie. Een jota kan nie faal nie. Hoe dank ons God nie hiervoor nie, hierdie groot Urim Thummim, en om te weet dat ons ondervindinge vanaand, Here, reg op hierdie Bybel hier flits! Ons is wedergebore, het die Heilige Gees.

178 Dierbare God, as daar vanaand ’n man of vrou hierbinne is, seun of dogter, wat dit nog nooit ondervind het nie, hoe sou hulle kon opstaan as daar geen Lewe daarbinne is nie? O, hulle sê: “Ek het Lewe.”

179 Maar die Bybel het gesê: "Sy wat in plesier lewe, is dood terwyl sy lewe." Jy sê jy het Lewe, maar jy's dood. "Jy maak aanspraak daarop," het die Bybel gesê: "dat jy Lewe het, maar jy's dood. Jy sê jy is ryk en het aan niks behoefte nie; maar weet nie dat jy beklaenswaardig, en arm, en naak, en blind is, en dit nie weet nie." En dit is die toestand van die kerke vanaand, Here. Hoe mis hulle nie hierdie groot, kosbare dinge nie.

Om te weet dat die groot Jehova God, Wat slegs kan voortbring deur . . . Hy het gesê: "Bring vir My daardie vissies." Hy moes die visse vat om—om iets daarmee te maak. Wys, dat die opstanding iets moes wees, om iets mee te doen. Hy het nie net visse gemaak nie, maar Hy het gaar visse gemaak; Hy het brood gaargemaak. En Hy het vyfduisend gevoed met vyf vissies, broodjies en twee visse. O Here, dit was in Sy hande, en Hy was die Skepper. Maar Hy moes iets in Sy hand hê.

God, mag ons onsself in Sy hande lê, vanaand, en sê: "O God, neem my soos ek is. En wanneer die einde van my lewe hier is, laat my gaan met hierdie hoop wat in my was, geweet ek is wedergebore, en U Gees het met my bewys gelewer, en het met my gees getuig, dat ek U Seun is, of U Dogter." En op daardie laaste dag, sal U hulle opwek. Skenk dit, Vader.

180 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, sou daar een wees wat jou hand sou wou opsteek, sê: "Dink aan my, Broer Branham, in gebed. Ek wil hê God moet my ken wanneer . . . voor ek hierdie aarde verlaat, dat Hy my so sal ken dat Hy my naam sal roep. Ek sal antwoord." Die Here seën jou, seun. God seën jou, en jou; en jou, dame. Iemand anders? Steek net jou hand op. Sê: "Bid vir my, Broer Branham." Dis wat ons sal doen. God seën jou, jongdame. Dis goed.

181 Nou, terwyl julle hoof gebuig is, julle bid, gaan ek 'n vers van hierdie lied sing.

Soek nie rykdom van die wêreld,
Wat heel spoedig sal vergaan,
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Wat vir altyd sal bestaan.

Hou aan God's standvastig hand,
Hou aan God's standvastig hand,
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.

182 Terwyl sy nou speel, en jou hoof gebuig is, sal jy net jou hand omhoog hou, sê: "Ja, Here, hier is myne"? Wat sal dit doen? Dit sal wys jou gees, in jou, het 'n besluit geneem. "Ek wil U hand hê, Here." God seën jou, dogtertjie. "Ek sal my hand opsteek." God seën jou, dogtertjie, hier. Dis mooi, skat. God, weet jy, is bly om jou dit te sien doen. "Laat die kindertjies na My toe kom."

183 "Ek wil hê, God, U moet my hand hou. En op daardie dag wil ek in U hand wees; dat, wanneer U roep, ek sal kom." Ja soos Lasarus was. God seën jou suster.

As ons reis die dag voltooi is,
En jy was aan God getrou,
Blink jou tuiste in die Hemel,
Sal jou siel dit daar aanskou.

Wat sal jy dan nou doen?

Hou aan God's standvastig hand,
Hou aan God's standvastig hand,
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.

184 Hemelse Vader, etlike hande het opgegaan, in hierdie klein diensie, vanaand, dat hulle 'n houvas wil neem, vanaand, aan U standvastige, Ewige hand. Wetende dat wat aan U toevertrou is . . . U het gesê: "Ek . . . Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom, en nie een van hulle sal verlore gaan nie. En Ek sal hulle opwek op die laaste dag. Kan nooit vergaan nie, kan nooit na die oordeel kom nie, maar het Ewige, Ewige Lewe." En daar's net een Ewige Lewe. Dit kom van God, alleen. Dit is God. En ons word deel van God, soveel so dat ons seuns en dogters van God is. Wanneer ons God se Gees in ons het, dink ons soos God. Ons dink aan geregtigheid en heiligheid, en ons probeer lewe om Hom te behaag.

185 Skenk, Here, dat daardie tipe Lewe in elke persoon sal ingaan wat hulle hand opgesteek het. En hulle wat hulle hande moes opgesteek het, en nie het nie, ek bid dat U met hulle sal wees. Skenk dit, Vader. En wanneer reis voltooi is, lewe beëindig is, mag ons ingaan in vrede op daardie dag, met Hom, waar ons nooit oud sal wees nie, nooit siek nie, nooit enige probleme sal wees nie. Tot dan, hou ons vreugdevol en gelukkig, Hom aan die prys, want ons vra dit in Sy naam. Amen.

186 Al julle gelowiges, nou, laat ons sommer net ons hande ophef en daardie koortjie sing.

Hou aan God's standvastig hand,
Hou aan God's standvastig hand,
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.

Nou laat ons dit neurie. [Broer Branham begin neurie *Hou aan God's standvastig hand*.—Red.]

187 Terwyl julle dit doen, jou buurman; sê jy: "God seën jou, buurman." Skud hand met iemand wat langs jou sit. "God seën jou." Aan beide kante nou. Aan beide kante, skud hande. "God seën jou, buurman. God sy met jou." Bou julle hoop op Ew'ge dinge.

Doc, ek weet dis daar, broer. Ek weet jy was daar, Broer Neville, lank gelede.

As ons reis die dag voltooi is,

Gaan gebeur, een van die dae.

En ons was aan God getrou,

Ons sal Broer Seward daar sien.

Blink jou tuiste in die Hemel,
Sal jou siel dit daar aanskou.
Hou aan God's standvastig hand.

Ek hou van daardie aanbidding, na die boodskap.

Hou aan God's standvastig hand.
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.

Met die tyd kom daar verandering,
Niks op aarde hou steeds stand,
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.

Laat ons Hom in sig kry, daardie onsienbare Een nou in die midde, en Hom nou net aanbid soos ons sing.

Hou aan God's standvastig hand.
Hou aan God's standvastig hand.
Bou jou hoop op Ew'ge dinge,
Hou aan God's standvastig hand.
Vrede! Vrede! So wonderbaar,

Aanbid Hom nou net.

Daal neer . . .

Die boodskap is verby. Dis aanbidding.

Sweef ewiglik hier oor ons gees, bid ek, Heer,
Deur onpeilbare liefde omgeef.

Baai sommer in Hom.

Vrede! Vrede! So wonderbaar,
Daal neer van . . .

Daardie groot Fontein. Dit gaan nou oop.

. . . daarbo;
Sweef ewiglik hier oor ons gees, bid ek, Heer,
Deur onpeilbare liefde omgeef.

Doen dit nie sommer net iets nie?

So wonderbaar,
Daal neer van ons Vader Daarbo;
Sweef ewiglik hier oor ons gees, bid ek,, Heer,
Deur onpeilbare liefde omgeef.

Is daar nie iets, sommer ryk en soet, Daaraan nie?

188 Ek wonder of daar ’n siek persoon is wat gesalf en voor gebid wil word. As daar is, kry net jou plek. Is dit die dame in die rolstoel? Laat haar sommer bly. Ek sal kom, vir haar bid. Sy sal nie uit die stoel hoef op te staan nie. Nog een? Goed.

O, is julle nie sommer lief vir die deel van die diens nie? Hoeveel voel, weet sommer dat die Teenwoordigheid van God hier is? Dis waarvan ek praat. Daardie selfde. . . Jy voel sommer soos. . . Hoeveel voel asof julle sommer kan uitroep? Nou laat ons net sien. Voel soos iets, jy sou kon, wil net uitroep. Sien?

Dis vrede! Vrede! So wonderbaar,
Daal neer van ons Vader Daarbo;
Sweef ewiglik hier oor ons gees, bid ek Heer,
Deur onpeilbare liefde omgeef.
Skyn op my,

189 Terwyl ons in aanbidding is, gaan ons nou die siekes salf, en vir hulle bid. Sal jy nie net hierlangs kom nie, dame?

190 Wat beteken dit? “Die gebed van geloof sal die siekes red.” Almal nou in gebed, neurie net daardie lied. Dink aan Jesus wat die siekes genees. Salf haar in olie.

Die Boek Van Hebreërs

Hierdie elf Boodskappe deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels vanaf 21 Augustus tot 22 September 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf die magnetiese bandopnames en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2009 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org